# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (23/15)


justchad_cga

*Justin Chadwick (19 Junie 2015)*


***GESEGDE VAN DIE WEEK "I spent a lot of money on booze, birds and fast cars. The rest I just squandered" George Best***

## ANDER TENDENS VIR DIE SUIDELIKE HALFROND SE SITRUS

In verlede week se nuusbrief is daar gekyk na hoe die noordelike halfrond se sitrusuitvoere ten opsigte van die tydsberekening van uitvoere verander het. Hierdie week kyk ons na hoe die suidelike halfrond se maandelikse uitvoere tussen 2009 en 2014 verander het.




Soos verlede week gesien, het die **Sagte sitrus uitvoere** van die Mediterreense streek met 21% oor hierdie periode gegroei; suidelike halfrond se uitvoere het met 35% gegroei. In die geval van die suidelike halfrond se sagte sitrus (Argentinië, Australië, Chile, Peru, Suid-Afrika en Uruguay (Brasilië se syfers nie beskikbaar)), het al die groei in die laaste deel van die seisoen plaasgevind (September en Oktober). Dit toon die toename in aanvraag na die laat mandaryn variëteite. Vroeër variëteite (soos Satsumas) het geringe groei getoon.




**Lemoen uitvoere** vanaf die Mediterreense streek het met 25% oor die periode van 2009 tot 2015 gegroei; suidelike halfrond se uitvoere het met 20% oor dieselfde periode gegroei. Meeste van die groei was teen die einde van die suidelike halfrond se seisoen (September). Gegewe die relatiewe stabiele mengsel van die lemoen kultivars is dit nie verbasend dat die groei tydens die tradisionele oestyd was nie (Julie tot September). Tegniese struikelblokke het 'n impak op uitvoere in Oktober en November gehad.

## NUWE CEO AAN STUUR VAN PPECB

Lucien Jansen is as die nuwe CEO van die "Perishable Products Export Control Board (PPECB)" aangestel. Die CGA verwelkom die aanstelling en sien daarna uit om nou saam met Lucien en sy span in die toekoms te werk.

## VALENCIA PAKKERY

Die kollig verskuif nou na Valencia lemoene waarvan die eerste miljoen kartonne gepak is. Valencias se pakkery sal nou by pomelo's oorneem - 82% is klaar gepak. Sagte sitrus se pakkery is nou presies halfpad – met clementines wat amper klaar gepak is en mandaryne se pakkery wat nou momentum begin kry. Nawels is 40% klaar gepak.
Diegene wat valencias pak word daaraan herinner dat die CBS Risiko bestuurstelsel (CBS RMS) streng gevolg moet word. Die Suid-Afrikaanse CBS RMS word gereken as die mees omvattende RMS ter wêreld wat met 'n plaag geassosieer is– die impak van die RMS is EGTER net so goed soos die implementering daarvan.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 24 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 14.4 m | 12.6 m | 11.9 m | 9.9 m | 9.2 m | 15.3 m | **14.6 m** | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 4.9 m | 5.8 m | 5.5 m | 4.8 m | 4.7 m | 10 m | 10.1 m | 10 m |
| Suurlemoene | 6.5 m | 7.6 m | 8.4 m | 6.4 m | 7.1 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 10.8 m | 9.6 m | 9.7 m | 5.9 m | 6.4 m | 25.1 m | 24.4 m | 26 m |
| Valencias | 1.8 m | 1.4 m | 1.1 m | 0.5 m | 0.3 m | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 38.4 m | 37.0 m | 36.6 m | 27.5 m | 27.7 m | 113.1 m | 111.8 m | 115.7 m |